

GELOOFSOORTUIGING EN POLITIEKE BESKOUIING

ANDRÉ HUGO

PROF. A.M. HUGO is hoogleraar van die Klassieke Talle aan die Universiteit Kaapstad. Hierdie artikel bestaan uit uittreksels uit 'n stuk wat oorspronklik vrygestel is in 'n ongereëlde publikasie bekend as SEWENTIG, uitgegee deur 'n groepie jong studente van die Universiteit Stellenbosch. Die gedagtes hier na vore gebring het voortgevloei uit 'n vraag aan prof. Hugo i.v.m. sy politieke beskouing en hoe hy dit met sy Christelike geloofsoortuiging versoen.

Ek wil dit vooraf beklemtoon dat iemand wat die Christus bely, aan die partypolitiek moet deelneem asof hy nie daaraan deelneem nie. Hy moet dit doen onder die voortdurende besef dat hy "burger van twee ryke" is; dat sy *eintlike* burgerskap nie hier is nie, maar *daarginds*, en dat sy eerste lojaliteit aan sy Heer en Meester toekom, en nie aan 'n politieke party nie - selfs nie aan die volk en land waarin hy gebore is nie. Patriotisme, nasionalisme, politieke beginsels - dit is almal dinge wat *betreklik* word wanneer hulle gesien word *sub specie aeternitatis*, in die ewigheidsperspektief van die Koninkryk van God. Ons moet wêet dat ons hier geen blywende stad het nie.

Maar dan leef ons tog nog altyd hier in die aardse Babilon, die *civitas terrena* waarvan Augustinus met liefdevolle weemoed gepraat het; en meer bepaald in hierdie land Suid-Afrika wat ons as ons eie mag liefhê, en om Christus-wil moet liefhê; en word ons geroep om mede ook deur middel van ons politiek hierdie land, hierdie maatskappy, steeds meer en meer - al is dit ook *hoe min* - te *transformeer* na die gestalte van die Koninkryk van God. „Politiek is die kuns van die moontlike”, word gesê. Dit is waar; maar die politiek wat geen rekening hou met die goddelike eise van waarheid, liefde, geregtigheid en barmhartigheid nie, is 'n goddelose politiek. Dit is die profetiese roeping van kerk en teologie om die kieser, die politikus, die amptenaar en die minister steeds weer van hierdie grondliggende waarheid bewus te maak. Waar hierdie aksent in ons godsdiens ontbreek, het ons Christendom inderdaad, soos Prof. Verkuyl tydens sy onlangse besoek opgemerk het, 'n opium vir die volk geword. En wanneer ons teologie nie meer 'n teologie van *transformasie*, óók vir die maatskaplike en politieke lewe, is nie, dan is dit 'n sout wat laf geword het

Ons sien in Suid-Afrika 'n geweldige verskil tussen die bevoorregtes en die nie-bevoorregtes, tussen die besittende klasse en die onderdes, tussen die kleine minderheid wat burgerskap, stemreg en status besit, en die groot meerderheid wat geen van hierdie kosbare dinge besit nie. Dit is die soort maatskappy waarteen 'n Jesaja en 'n Amos hul waarskuwende stemme laat hoor het. Flagrade ongeregthede soos

diskriminasie en eksploitasie is ingebou in die struktuur van ons maatskappy, en word stewig verskans in die wette van ons Parlement. Hier moet *radikaal* opgeruim word. Sulke dinge *kan nie* getolereer word nie Daarom ag ek dit reg en noodsaaklik dat daar gesê moet word: *geen* diskriminasie op grond van kleur, taal of geloof nie! Nie asof dit *maklik* sal wees om so 'n beginsel ten uitvoer te bring nie! Maar die pad van die geregtigheid is selde die maklikste pad; en God roep ons nie om die weg van minste weerstand te volg nie. Ons het ins ons Wetboek reeds 'n hele omvangryke corpus van wette wat heeltemal onverbloemd is in hul penalisering van mense op grond van kleur, en van kleur alléén. Werkgeleentheid, lone, pensioene, opvoeding, woonbuurte, strande, openbare fasiliteite, vermaaklikheid - daar is vrywel geen enkele faset van die lewe wat nie vir die nie-blanke wetlik gereguleer, en *diskriminerend* gereguleer is nie. Diskriminasie beteken altyd ergens *onreg*; en onreg; soos 'n kind reeds weet en ervaar, is iets wat baie diep seermaak. Dit skep wrok en haat en verbittering. Watter heil kan hieruit gebore word?

Één ding móet nou eenvoudig aanvaar word, dat Suid-Afrika 'n veelrassige land is, en dit ook altyd sal wees. Suid-Afrika is *nie* 'n witmansland nie, net so min as wat dit 'n swartmansland is. Dit is 'n land waarin alle rasse en groepe 'n *gemeenskaplike* tuiste moet vind, en waarin hulle dus ook *met mekaar sal moet klaarkom*. Wie die aandag hiervan probeer aflei deur van „afsonderlike tuislande” te praat, mislei homself en die wat hom hoor. Die paar tuislande wat geskep kan word, sal maar 'n fraksie van die bevolking kan huisves. Dit is 'n *nietigheid*. Ons het almal saam net één Tuisland, en dit is die Republiek van Suid-Afrika Die blanke kiesers van Suid-Afrika moet volhardend opgeroep word om hul nie-blanke medemense in hierdie land as hul mede-burgers te sien en te aanvaar, en aan hulle die regte te gun waarop hulle aanspraak het as gebore kinders van Suid-Afrika. Ook *dit* is stellig geen eenvoudige saak nie; maar as Christen bely ek 'n godsdiens wat *geen onderskeid* tussen mense erken nie, maar veeleer spreek van *eenheid* en *solidariteit*. Ons weet almal dat daar ook so iets soos *verskeidenheid* bestaan; maar dit is nie wat in the Bybel beklemtoon word nie.

Die Bybelse aksent val seer beslis op die *eenheid* waarin ons almal as skepsels van God en as sondaars voor Sy aangesig deel; en daarom glo ek dat ons géén reg het om in ons politiek die teenoorgestelde aksent te hanteer nie - altans nie solank ons onself as Christene wil uitgee nie. En 'n teologie wat aanhoudend hierdie omBybelse aksent hanteer ten einde daarmee 'n bepaalde beleid te regverdig, vergryp hom aan die duidelike boodskap van die Skrif.

Dus: universele stemreg vir almal, sonder aansien des persoons? Nee, want nie almal is bevoegd om 'n verstandige stem uit te bring nie. Universele stemreg moet daar wees, sodat elkeen, ook die eenvoudigste dagloner, kan weet en voel dat hy *deel* het aan die regering wat wette oor hom maak; maar dit sou verregaand onverantwoordelik wees om aan die onkundige dieselfde seggenskap in die politieke bestel van die land te gee as aan diegene wat wel enige (sy dit ook geringe) kennis van sake het. Die stemreg *moet* gekwalifiseer wees; maar dan nie op grond van *kleur*, soos tans die geval is nie, maar op grond van *beskawing*. Arbitrêre toetse? Ongetwyfeld; maar dit is beter as géén toetse nie. 'n Oplossing

wat die moontlikheid van ernstige spanninge in 'n veelrassige Parlement inhou? Ongetwyfeld; maar dit is beter as om spanninge te laat oplaai waarvoor géén sodanige uitlaatklep voorsien word nie. 'n Groot politieke waagstuk? Ongetwyfeld; maar vergeet nie, ons is reeds in elk geval met 'n groot waagstuk besig! Die verskil is slegs dat die waagstuk van die apartheid-beleid géén antwoord bied op die kardinale vrae i.v.m. die stedelike Bantoe en die Kleurlingbevolking nie, terwyl hiêrdie waagstuk juis hiermee rekening wil hou en op die logika van ons werklike situasie gegrond is. Die vraag is nie of ons moet waag nie. Die vraag is slegs: wát sal ons waag? Watter keuse bied, menslikerwys gesproke, die beste kans op sukses?

Ek weet nie of die finale oplossing vir ons groot vraagstuk hierin geleë is nie. Wellig is daar geen finale oplossing nie, en sal ons moet leer om stapsgewys ons pad te voel. Maar één ding weet ek, en dit is dat die 'n uitgangspunt soos hierdie die enig juiste is vir 'n land soos hierdie ... Miskien kom daar eersdaags iemand na vore wat 'n beter oplossing het. Maar die kans lyk my nie groot nie.

WOMEN'S LIBERATION IN SOUTH AFRICA

Shirley Moore Sheila Morton

Women's liberation is 'catching on' fairly fast in South Africa - but not nearly fast enough. It is a widespread movement throughout the United States and other parts of the world, where women on the whole tend to be very much more aware of their oppression.

WOMEN IN THE HOME

One big reason for the lack of awareness in white South African women is, surely, the availability of 'cheap', unskilled labour in the domestic set-up, which will be dealt with at a later stage.

Indoctrination which boxes us quite clearly into male/female roles starts very early in life. From the moment a little girl is born, society begins to mould her, her future is clearly mapped out for her, WIFE, MOTHER, HOUSEKEEPER. She learns to make herself beautiful to catch her man, thereby entering the female competitive rat race. Any extra classes she might take are generally cooking, dress-making, etc. What happens to her in the interim between school and marriage is fundamentally of very little consequence. The capitalistic society which depends on economic incentive provides her with little. Her place in the economy is taken to be temporary, e.g. lower wages for women and little money 'wasted' on education for girls. Of course there are always the few who go against the 'norms'

of society and instead of conforming take on a 'male-type' career. But these are just the few 'oddies' who have managed to creep through the few chinks in the male armoury. These 'chinks' are limited, in the main, to some of the professions.

Moulding of our little boys also begins in early years - DON'T for God's sake, allow him to play with dolls - he's sure to become a homo-sexual. Teasetts and prams are out for boys. He's destined for bigger things - he must be the breadwinner - the professional, the he-man in our competitive capitalistic society.

We in South Africa who are aware of oppression tend to be far more aware of the need for black/white liberation rather than male/female liberation and are hardly aware of the links between. American women have stated quite categorically that until they (the women) become identified with the Blacks there shall be no liberation!!

In South Africa, if white women are becoming aware of a male oppressive society, how much more aware must the Black woman become to bring about her liberation? Far be it from us to speak of the Black woman's plight - it is part of her liberation to speak for herself.

Male domination is clearly evidenced in the marriage scene. The male partner goes out to work in an